

VAN STAMVERWANTE BODEM

Bouwkunst in Suriname Driehonderdjaar nationale architectuur is die titel van die jongste studie van ing. J. L. Volders, van Paramaribo, waarin hierdie kenner van die tipiese boukuns van Suriname in woord en beeld die ontwikkelingsgang sowel van die boukuns van die blankes as die nie-blankes beskrywe. Wat vir ons, in Suid-Afrika, veral van waarde is, is sy beskrywings aangaande die outydse Nederindse forte van die sewentiende- en die agtiende eeu. Hierdie werk (152 bl., met afb.) het by die uitgewery G. van Saane, Hilversum, Nederland, verskyn.

Oor dieselfde voormalige Nederlandse kolonie aan die noordkus van Suid-Amerika handel ook dr. J. M. van der Linde se studie *Surinaamse Suikerheren en hun Kerk. Plantagekolonie en handelskerk ten tye van Johannes Basseliers, predikant en planter in Suriname 1667-1689* wat by die uitgewery H. Veenman en Zonen N.V. Wageningen, Nederland (1966) verskyn het (264 bl.) en van besondere belang t.o.v. die bepaling van die plek van die predikant in die toenmalige Nederlandse merkantilistiese imperium is. Weliswaar gaan Basseliers, die eerste predikant wat na Suriname uitgestuur is, skuil agter 'n groot aantal wetenswaardighede, maar terselfertyd bied hierdie studie ongetwyfeld veel stof vir oordenking t.o.v. die sewentiende eeuse Nederlandse koloniale bestuur aan die suidpunt van ons land en elders, o.m. waar dit die „suikerheren” van Suriname en sommige van ons grootgrondbesitters, opvattinge oor slawerny en kerklike verdraagsaamheid of die teenoorgestelde betref. Ons word veral sterk getref deur die sterk heterogene blanke bevolking van Suriname van daardie jare. Skrywer wy ook aandag aan die Franse Hugenote wat oor Nederland tot vestiging in Suriname oorgegaan het.

In *Bulletin Museum Boymans-van Beuningen* (deel XVII, nrs. 2-3, 1966) is, na aanleiding van 'n tentoonstelling van sy kunswerke, die betekenis en werkstukke van die bekende Nederlandse pottemaker Bert Nienhuis (1873-1960) bespreek en met talryke foto's toegelig.

In *Ons Amsterdam* (jg. 18, nr. 11, Nov. 1966) kom 'n belangrike bydrae onder die titel *Amsterdam heeft naamgenoten* van die hand van J. H. Kruizinga (pp. 322-329) voor waarin o.m. ook melding gemaak word van ons Transvaalse Amsterdam, Amsterdam in die staat New York en die eiland Amsterdam noord van Spitsbergen.

'n Uitvoerige verslag oor die tiende byeenkoms van Duitse kunshistorici, wat van 2-6 Augustus 1966 in Munster gehou is, kom voor in die jongste Oktoberuitgawe van die maandblad *Kunstchronik* (jg. 19, deel 10). Samevattinge van o.m. di evolvende referate wat vir ons van belang is, kom ook in dieselfde uitgawe voor: Oor Nederlandse kuns (Rolf Wallrath, Keulen; Florenz Deuchler, Rome; L. M. J. Delaissé, Oxford; Justus Müller-Hofstede, Bonn). Prof. Jan van der Meulen (Marburg) het besonderhede in verband met houdatums van dele van die katedraal van Chartres verstrek (pp. 286-287).

In die Novemberuitgawe van dieselfde tydskrif kom besonderhede aangaande die Duitse Barokpaleisbou voor.

Op 20 Maart 1660 het Abraham en Lambertus van Riebeeck, seuns van die stigter van ons blanke volksplanting aan die Kaap die Goeie Hoop, met die skip *De Paerl* na die Nederlandse Republiek vertrek. Skipper van hierdie Kompanjiesvaartuig, was Douwe Aukes, 'n Nederlandse seevaarder oor wie betreklik min bekend is. In die jaarverslag van 1962 van die *Fries Scheepvaartmuseum en Oudheidkamer* het H. Vrolijk die volgende nuwe gegewens verstrek: Douwe Aukes se vader, Auke Douwes, was 'n skipper in diens van die V.O.C. Douwe Aukes het in diens van dieselfde maatskappy getree en was op ongeveer 20-jarige leeftyd stuurman. Op 9 Maart 1644, sowel as op

8 Oktober van dieselfde jaar het skipper Douwe Aukes as gesagvoerder oor die Kompanjieskip *De Vrede* aan die Kaap die Goeie Hoop verskyn. Van 26 Julie 1652 tot November van dieselfde jaar het hy, as gesagvoerder oor die voormalike V.O.C.-skip *De Vogelstruys* saam met die skip in diens van die Nederlandse Regering oorgegaan om, nou as marine-offisier, aan die krygsverrigtings ter see teen Engeland deel te neem. Douwe Aukes is op 15.7.1668 in die Amsterdamse *Oude Kerk* begrawe.

Van drs. C. de Jong, Universiteit van Suid-Afrika, is die volgende aantekening ontvang na aanleiding van 'n vermelding in J. Rogge se werkie „Het geslacht Rogge te Zaandam, Drie eeuwen familiegeschiedenis tegen de achtergrond van nering en bedrijf, Koog aan de Zaan, 1948”. In 1802 het een van die verteenwoordigers van hierdie geslag, Adriaan Rogge, na die sluiting van die vrede van Amiens 'n skip met touwerk, papier e.d.m. na die Kaapkolonie bevrage en skipper Murk Lelsz, van Koudum, opgedra om die lading in Kaapstad en Batavia te verkoop. Op die terugreis van Batavia na Nederland het skipper Lelsz weer Tafelbaai aangedoen, en op bl. 127 van sy werkie deel Rogge vervolgens mee:

„Uit een brief, gedateerd Kaap de Goede Hoop, 12 Februari 1804, door Murk Lelsz aan Adriaan Rogge gericht, leeren wij, dat er in dien tijd vreemde dingen konden gebeuren: 'Onlangs is hier een Engelsche Zuydzeevisscher komende met een lading traan en spermaceti uyt de Zuydsee, onkundig van den oorlog, binnengekomen, door het Gouvernement in bezit genomen en het folk in de prison gezet. Dog eenige tijd daarna kwam hier een Engelsch cartelschip met Fransche krijgsgevangene op de Reede, waarop een uytwisseling geschiedde, en de uytgewisselde Engelsche matroozen hebben zig toen van hun schip meester gemaakt en zijn de Baai uytgevaaren!'”

Drs. de Jonge voeg, met betrekking tot bogenoemde aanhaling, daaraan toe dat „de Zuydsee” nie noodwendig die Stil Suidsee of die Groot Oseaan beteken nie, maar dat die Suidseevisserij destyds die walvisvangs op al die oseane omvat het.

Op 24.4.1891 is, ooreenkomstig 'n Koninklike Besluit, die studie van die Nederlandse krygsgeskiedenis ter hand geneem. Aan kol. (later int.-genl.) F. de Bas is, as eerste direkteur van die Krygsgeskiedkundige argief van die Generale Staf, allereers opgedra om gegewens oor die jare 1793, 1813, 1914 en 1815 te versamel en te rangskik. Tot 1927 het De Bas die Nederlandse krygsgeskiedenis bestudeer en daarmee die grondslae vir die amptelike en wetenskaplike militêre geskiedskrywing in Nederland gelê. In die publikasie *Nasporingen en studiën op het gebied der krijgsgeschiedenis 1891—24 April 1966*, uitgegee deur die afdeling Krygsgeskiedenis en Seremonieel van die Hoofkwartier Koninklike Landmag (Den Haag, 1966) kan die belangstellende leser o.m. insig verkry in die werksaamhede wat tydens die afgelope 75 jaar deur die afdeling verrig is.

In die Desemberuitgawe van die maandblad *Kunstchronik* (1966) is melding gemaak van die heengaan van die bekende Duitse kuns-historikus en skrywer Walter Friedlaender wat sedert 1934 in die V.S.A. woonagtig was. 'n Bydrae oor die lewensloop en werk van die heengegane 93-jarige, is deur Kurt Bauch opgestel (pp. 377-379). In die Januarie-uitgawe van dieselfde tydskrif (j. 19, nd. 1) kom, van die hand van Hans Erich Kubach, gegewens voor met betrekking tot navorsings- en restaurasiewerk wat van 1961-1965 aan die domkerk van Spiers (Speyer) verrig is (pp. 1-6).